

Opsies wanneer jy aftree



**PREDIKANTE PENSIOENFONDS VAN DIE
NED. Geref. KERK IN SUID-AFRIKA (PPF)**

OPSIES

wanneer jy aftree

OPSIE A



OPSIE B

STEL UIT

Wil nie dadelik 'n inkomste begin ontvang nie

KRY PENSIOEN

Begin dadelik 'n inkomste ontvang

- 1 Lewende annuïteit-pensioen, binne of buite die fonds
- 2 Gewaarborgde pensioen, buite die fonds

!

Wanneer jy 'n pensioen kies, dink hieraan:

- Hoeveel geld sal jy elke maand nodig hê en wat is jou lewenskoste?
- Kan jy die kans vat om jou spaargeld aan die onbestendigheid in die aandelemark oor die korttermyn bloot te stel en ook langer in die mark belê?
- Wat is die huidige inflasiekoers?

- Hoe goed is jou gesondheid?
- Wat is die kans dat jy dalk langer sal leef as wat jy verwag?
- Is jy getroud en het jou huweliksmaat 'n pensioen nodig indien jy sou sterf?
- Indien wel, hoe oud is jy en jou huweliksmaat?

- In watter finansiële posisie is jy en jou huweliksmaat?
- Hoeveel spaargeld het jy?
- Sal jy geld in jou boedel moet agterlaat om vir jou huweliksmaat en afhanklikes te sorg?

Gesels met 'n geakkrediteerde finansiële adviseur.

WAT IS DIE OPSIES IN PENSIOENFONDSE BY AFTREDE?

Pensioenfondse

Jy kan tot 'n derde van jou fondskrediet as kontant neem.

Jy moet ten minste twee-derdes van jou fondskrediet gebruik om 'n pensioen mee te koop.

Jy kan al jou geld gebruik om 'n pensioen mee te koop.



Belasbare bedrag

Belastingkoers

R0–R500 000

0%

R500 001–R700 000

18%

R700 001–R1 050 000

27%

R1 050 000 +

36%



As jy kontant neem, sal jy volgens die tabel belasting moet betaal.

Wanneer die SAID die betaalbare belasting volgens die tabel bepaal, sal hulle vorige enkelbedrae wat as kontant uit aftreefondse en skeidingspakkette van jou werkgewer geneem is, in ag neem.



Die waarde van advies

Die waarde daarvan om finansiële raad by 'n gekwalifiseerde, professionele finansiële adviseur te kry, kan nie onderskat word nie en dit word ten sterkste aanbeveel. Hulle

- is deskundiges op hul gebied en het hul loopbane daaraan gewy om ander te help om hul finansiële doelwitte te bereik
- samel inligting in wat relevant is om 'n finansiële padkaart vir jou saam te stel en objektiewe besluite te neem oor die beste koers om te volg
- evalueer die waarskynlikheid dat jy jou doelwitte en strewes gedurende aftrede sal bereik en help jou om jou sake so te struktureer dat jy die grootste voordeel uit jou swaarverdiende spaargeld sal kry
- sal ook jou ander behoeftes gedurende aftrede evalueer en gepaste aanbevelings maak.

KOM ONS KYK IN GROTER BESONDERHEDE NA JOU OPSIES WANNEER JY AFTREE



Stel dit uit om jou aftreevoordeel te neem

Jy hoef nie uit jou aftreefonds te tree wanneer jy by jou werkgewer uit diens tree nie. Jy kan kies om later uit die fonds te tree, dit wil sê ná die normale aftree-ouderdom wat in die reëls van jou fonds bepaal word.

Dit beteken dat jy op jou normale aftree-ouderdom uit jou werkgewer se diens sal tree, maar jy kan jou spaargeld vir aftrede in die fonds hou totdat jy besluit om jou spaargeld vir aftrede te ontvang.



Gedagtes om te onthou as jy besluit om aftrede uit te stel:

- ✓ Jy besluit op die datum wanneer jy jou spaargeld vir aftrede uit die fonds neem.
- ✓ Jy en jou werkgewer sal nie tot jou aftreefonds bydra nie.
- ✓ Jy sal nie gedek word vir die fonds se versekerde voordele nie.
- ✓ Jou spaargeld vir aftrede sal in die fonds belê bly.
- ✓ Daar sal nog steeds beleggingsfooie en administrasie-onkoste wees.
- ✓ Positiewe of negatiewe beleggingsopbrengste sal tot op jou uitsteldatum by jou belegging in die fonds gevoeg of daarvan afgetrek word.



Jy sal in die beleggingsportefeulje belê bly waarin jy belê was op die aftreedatum by jou werkgewer tensy jy 'n beleggingsverandering maak. Jy sal steeds dieselfde verskeidenheid beleggingskeuses as aktiewe lede hê.



1

Lewende annuïteit

'n Lewende annuïteit is 'n belegging waar die aftreegeld na aftrede belê word om 'n inkomste te voorsien. Elke jaar kies jy die bedrag wat jy as inkomste wil ontvang (binne die gereguleerde grense van tussen 2,5% en 17,5% van die oorblywende geld), wat gewoonlik as 'n maandelikse inkomste uitbetaal word. Pensioenverhogings hang af van hoeveel van jou oorblywende geld jy besluit om elke jaar te trek.

By 'n lewende annuïteit besluit jy hoe die geld belê word, anders as by 'n gewaarborgde pensioen.

Gedurende jou lewe het jy geen toegang tot die geld wat aan die versekeraar betaal word nie. Jy het net die reg om 'n pensioen te ontvang, maar enige geld wat oorbly nadat jy sterf, word deur jou benoemde begunstigdes geërf.



Dit is belangrik om te verstaan dat jou geld maklik kan opraak as jy te veel van jou geld in die fonds te vroeg in jou aftreejare trek. Dit is ook net gepas indien jy genoeg geld het om te belê.



Opsies by lewende annuïteite:

'n Lewende annuïteit binne die fonds. Dit beteken dat jy kan kies om as 'n lid van die fonds aan te bly en 'n pensioen uit die fonds te kry. Die belangrikste voordeel daarvan om 'n pensioen uit die fonds te kry, is die lae beleggingsfooie, weens die kostebesparings op grond van ekonomie van skaal. In pensioenfondse is beleggingsfooie gewoonlik heelwat laer as in die individuele mark. Hierdie soort pensioen laat jou toe om jou geld aan jou begunstigdes, byvoorbeeld gesinslede, na te laat indien jy sou sterf, met inagneming van die bepaling van die fondsreëls en betrokke wetgewing. Hierdie opsie is net gepas as jy genoeg geld het om te belê. Jy word aangemoedig om advies te kry by 'n geakkrediteerde finansiële adviseur om jou oor die regte pensioen vir jou te help besluit.

'n Lewende annuïteit buite die fonds. Hierdie soort pensioen word op jou eie naam buite die fonds by 'n versekeraar gekoop. Beleggings- en adviesfooie is gewoonlik hoër in die individuele mark. Hierdie soort pensioen laat jou toe om jou geld aan jou begunstigdes, byvoorbeeld gesinslede, na te laat as jy sou sterf.

Jy word aangemoedig om advies te kry by 'n geakkrediteerde finansiële adviseur om oor die regte pensioen vir jou te help besluit.

2

Gewaarborgde pensioen

Wanneer jy 'n gewaarborgde pensioen koop, word die pensioen betaal so lank as wat jy lewe. Jy mag nie geld aan jou begunstigdes bemaak wanneer jy sterf nie.

Jy besluit hoe jou verhogings bereken word. Jou verhogings kan byvoorbeeld aan inflasie gekoppel word, 'n vaste persentasie wees of gekoppel word aan die opbrengs op die beleggingsportefeulje waarin die geld belê is. Jy kan ook kies dat jou pensioen vir 'n gewaarborgde tydperk uitbetaal word of aan jou huweliksmaat as jy sou sterf. Die opsies wat jy kies, sal die maandelikse inkomste wat jy uit die gewaarborgde pensioen kan kry, beïnvloed.

Sommige van die vernaamste soorte gewaarborgde pensioen is:

'n **Gelykblywende pensioen** betaal dieselfde inkomste vir die res van jou lewe en daar is geen jaarlikse verhogings nie. As gevolg hiervan is die beginpensioen hoër, maar dit sal glad nie met verloop van tyd verhoog nie en sal dus nie met inflasie tred hou nie.

'n **Inflasiegekoppelde pensioen** word gewaarborg om met inflasie tred te hou aangesien pensioenverhogings op die inflasiekoers vir die vorige jaar gebaseer word. Dit beteken wel dat die pensioenverhogings laag (of selfs 0%) kan wees as die inflasiekoers laag is. In die geval van hierdie pensioen is die beginpensioen laer.

Die pensioen met vaste verhoging word elke jaar verhoog teen 'n vaste persentasie wat jy kies wanneer jy die pensioen koop. Die pensioenverhogings is voorspelbaar omdat hulle elke jaar verhoog teen die vaste persentasie wat jy gekies het, maar dit hou dalk nie heeltemal tred met inflasie nie. In die geval van hierdie pensioen is die beginpensioen laer.

'n **Met-winste pensioen** laat jou toe om (saam met die versekeringsmaatskappy) te deel in die beleggingswinst wat op jou pensioenportefeulje gemaak is. Hierdie soort pensioen verhoog in ooreenstemming met die werklike beleggingsopbrengs, wat beteken dat dit hoër of laer as inflasie kan wees (en dalk nie met inflasie sal tred hou nie). Daar kan in jare wanneer beleggingsopbrengs swak is, 'n 0%-verhoging wees. Die beginpensioenbedrag en jaarlikse verhogings word deur die versekeraar verklaar en is gewaarborg.

Die inligting in hierdie dokument behoort aan die Predikante Pensioenfonds en Alexander Forbes. Jy mag geen gedeelte van hierdie dokument sonder die uitdruklike skriftelike toestemming van Alexander Forbes kopieer, versprei of wysig nie. Geskryf en ontwerp deur Alexander Forbes Financial Services Communications. Alexander Forbes is 'n gelisensieerde finansiële diensteverskaffer (FSP 1177).

Vervaardig deur Alexander Forbes Communications. Foto's: Gallo Images

Die volgende stappe

1

Vir meer inligting oor ons in-fonds lewende annuïteit, [klik asseblief hier](#).

2

Dit is 'n belangrike besluit, sorg dus dat jy met 'n geakkrediteerde finansiële adviseur gesels.

3

Jy kan daarna die aftree-eisvorm invul.



Vir enige ander navrae, kontak die Pensioenkantoor:

Telefoonnommer:

021 957 7115

E-posadres:

pensioen@kaapkerk.co.za

Posadres:

Privaatsak X8, Belville, 7535

PPF 2 - Maart 2019